

1 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 5:14-16

Fokusgedeelte: Matteus 5:14-16

'n Lig wat skyn

Ons onmiddelijke reaksie wanneer die kombuislig geblaas het, is om dit met 'n nuwe lig te vervang. Niemand kan tog in die donker kosmaak nie. Ons het lig nodig om sinvol te funksioneer. Dit was die boodskap van Jesus met die olielampe van daardie tyd onder 'n emmer. Nee, dit kom op 'n lampstaander sodat almal sinvol by die lig kan funksioneer.

So maak Hy dit op jou van toepassing. Jý moet daardie lig wees, instrument in die Hand van God, waardeur andere tot sinvolle lewens gelei kan word, lewens wat God verheerlik. So staan dit in vers 16: *Laat julle lig so skyn dat die Vader in die hemel daardeur verheerlik kan word.*

So sien ons dit in Jesus se lewe op aarde. Verlamdes, blindes, gebreklikes, dowes word na Hom gebring, en Hy het hulle almal genees. En hulle het die God van Israel geprys (Matt. 15:30, 31). Jou lig van opgewondenheid oor die verlossing in Christus moet ander inspireer om saam God daarin te verheerlik. Jou lig van getuienis oor die wonderdade van God in ons lewens moet ander motiveer om saam God daarin te prys. Jou lig van omgee, en uitreik, en aanraak, moet ander beweeg om dit ook te doen, tot eer en verheerliking van God.

Maar onthou ook dat 'n olielamp onder 'n emmer uit suurstof raak en doodgaan. 'n Kombuislig sonder krag beteken niks. Onthou dat jou lig net lig kan wees wanneer jy aan die Kragbron gekoppel is. Jou lig verkondig dat Jesus Christus die duisternis van Godverlatenheid deurbreek het, en met sy dood en opstanding ewige lig aan ons verskaf het. Hiervan moet jou lewe getuig: 'n skynende lig tot eer en verheerliking van God.

Sing: Psalm 119:39 (Totius)

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)